
Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*Daar kan geen eenheid wees waar tweeheid is nie.*

# Die O.B.



*Twee tale, twee kulture, twee volke is 'n tweeheid.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 3 JUNIE 1942. No. 30.

## Teen Hierdie Gees Het Ons Vyande Hulself Verpletter

### Moedige Voorbeeld Van Afrikanervrou

**Onderstaande brief van 'n behoeftige Afrikaanse moeder op Worcester aan genl. mev. J. S. du Toit waarin sy een pond stuur vir die Noodhulpfonds, plaas ons volledig. Daarin sien ons die gees van die Voortrekkervrou wat 'n honderd jaar gelede verkies het om kaalvoet oor die Drakensberge te stap liewer as om die kop vir die veroweraar te buig. Dit is teen hierdie gees wat die vyande van ons volk keer op keer gestrand het, want selfs toe geweld vervang is deur uithongering en ons volk hulpeloos geië het in die wurggreep van die Geldmag, was die aanslae van die vyand nog nie in staat om die gees van ons volk te breek nie. Met vroue soos hierdie gaan die Boerevolk sy oorwinning tegemoet; met moeders soos sy gaan ons 'n volk bou.**

„Geagte Mev. Du Toit,—Ek stuur u 'n posorder van £1 vir die Noodhulpfonds; dit is maar gering, maar ek wil graag ook my deel bydra. Ek het 'n skinkbord self gemaak en dit toe aan O.B.-lede verkoop om sodoende 'n bydrae te gee, daar ek ook maar arm is en weet wat swaarkry was toe ek nog nie gewerk het nie en saam met my kinders ook meer as eendag honger geken het. Later het ek werk gekry in 'n fabriek sodat my eggenoot vir die huishuur moes werk en ek met my veertien sjielings per week voorsiening moes maak vir ses stuks, en nog 'n meid ook moes betaal. **Maar ek dank die Here dat Hy my so genadig was dat my kinders nie die skande moes oorkom om by 'n kliniek te gaan aanklop vir iets nie, en tevrede was met wat hulle te ete gekry het,** al was dit droë brood en verder net rys sonder 'n stukkie vet of vleis, en die volgende dag weer ryssop met 'n bietjie kerrie in vir smaak. Nooit is daar gekla nie, want my vertroue was te groot dat daar 'n verandering sou kom. Nie eens my moeder het geweet daarvan nie.

„Nou gaan dit heeltemal beter, want ons huishuur is soveel goedkoper en my salaris is ook meer. Vir twee jaar is ek sonder 'n bediende. Die kinders moet dan in die huis help wanneer hulle skoolwerk klaar is, daar die oudste al veertien jaar oud is. **Nogmaals dank ek die Here dat Hy my 'n vader gegee het wat ons in sy leeftyd geleer het om te werk vir wat 'n mens moet hê, sodat ek my kinders dit ook geleer het.**

„Nou ja, mev. Du Toit, vandag is dit 'n plesier vir my om u die geld te stuur, want ek voel trots daarop dat ek iets met my hande kon maak vir die fonds en dit te stuur vir die hulp van my mede-Afrikaners.

„Nogmaals dank ek u dat u die tyd geneem het om my brief te lees, want die voorste gedeelte was van wat ek deurgemaak het; daarom brand my hart vandag om my deel by te dra. **Ek hoop om nog meer te doen voor die 8ste Augustus wanneer dit ons Fondsdag is. Dan wil ek probeer om meer te maak.** Mag die seën van die Here op ons Afrikaanse volk rus en ons lei op die pad van Suid-Afrika."

## GEWELDDADE BAAR SORG:

### Telegram aan Minister

**Die volgende telegram in verband met die jongste gewelddade en opsluiting van Afrikaners sonder verhoor, is deur die Assistent-kommandant-generaal, genl. J. A. Smith, aan die Minister van Justisie, dr. Colin Steyn, gestuur:**

**„Met besorgdheid moet ek kennis neem van opsluiting van persone in tronke en kampe sonder openbare verhoor binne redelike tyd as aanleiding tot uitbarsting van gewelddadighede. Beleid soos toegepas ontstuts gemoedere en ontlok ongewenste reaksie wat deur inkorting van regte en vryhede van verantwoordelike volksorganisasies onbedwingbaar kan word."**

## GEVANGENES EIS VERHOOR DEUR HONGERSTAKING

### Owerheid Gedwing Toe te Gee

As gevolg van die Regering se tartende beleid om Afrikaners onverhoord in tronke te stop waar hulle maandelank aangehou word sonder dat hulle weet waarvan hulle beskuldig staan, het daar uitgebreide hongerstakings in die tronke van Pretoria en Johannesburg onder die politieke gevangenes plaasgevind. Dit skyn of hierdie optrede die gewenste uitwerking op die owerheid in sommige gevalle gehad het. Berig is ontvang dat veertien man wat voorverlede Vrydag op 'n hongerstaking gegaan het omdat hulle 'n verhoor geëis het nadat sommige van hulle al meer as vier maande opgesluit was, nou in kennis gestel is dat hulle geïnterneer sal word. Op dié wyse het daar darem nou eindelik sekerheid oor hul toestand gekom. In ander gevalle het die stakings nog voortgeduur toe ons ter perse gegaan het.

**Mev. dr. Erika Hartmann, wat nou reeds ses maande sonder verhoor in die Sentrale Gevangenis, Pretoria, aangehou word, en wat die enigste geïnterneerde vrou in die land is, het sedert 9 Mei op 'n hongerstaking gegaan. Eers op die negentiende dag is sy eindelik losgelaat. Na sy verklaar, moes sy tussen naturellemeide verkeer, en het sy gevolglik geweier om gebruik te maak van die een uur wat sy per dag uit die sel gelaat is.**

Die Vroue-adjunkrade van al die Provinsies het 'n dringende versoek aan die Minister van Justisie gerig om mev. dr. Hartmann sonder versuim 'n billike verhoor te verleen.

**O.B.-Konsert**

DIE KAAPSTADSE MANNE-KOMMANDO
hou 'n
**Verskeidenheids-Konsert**
in die
J. C. HOFMEYRSAAL
op
***Donderdag, 11 Junie 1942***
***om 8 uur n.m.***
O.B.-Orkes, Sang, Samesprake, Voordragte, ens.
**Opbrengs ten behoewe van die INTERNERINGSFONDS.**
Plekbespreking by:
PIENAAR SE HAARSNYSALON, Wandelgang, Groote Kerkgebou,
(Tel. 3-1047)
Pryse: 2/6, 1/10. Kinders 1/-.

GESONDHEID IS MEER WERD AS RYKDOM

***Beskerm u Gesondheid en Lewenskrag***

**GEBRUIK**

**LIFEBUOY-GESONDHEID-SEEP**

DIT IS MEER AS 'N GOEIE SEEP—
DIT IS 'N GOEIE GEWOONTE

***'n Produk van***
**LEVER BROERS.**

# Schoemannello-Drank

is

*DIE SUIWERSTE EN BESTE*

BESTEL DIT ONMIDDELLIK VAN

**JURGENS SCHOEMAN**

POSBUS 142, OUDTSHOORN.

en

ONDERSTEUN 'N 100-PERSENT

AFRIKAANSE FIRMA

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemeng-de kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyl .. | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn .. | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth .. | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai (Cocktail) .. | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn .. | 2/- | 1/8 | — |
| Jeropiko (Rooi) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| (Wit) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Soet Muskadel .. | 1/- | 11d. | 5/- |
| Port .. .. | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Worcester Hock | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Pontak .. .. | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Spesiale Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| Sjerrie .. .. | 9d. | 8d. | 3/6 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| choemannello .. | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Brandewyn Ekstra Spes. .. | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. .. .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER** .. | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Gemmer-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Lemoen-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 bottels kan enige getal Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Voeg 4/- by vir kissie en bottels, en 10/- vir vaatjie (indien nie anders ooreengekom met bestuur) wat vergoed sal word by terugsending. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne of K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S., OUDTSHOORN.

**SCHOEMANNELLO-DRANK**

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE



**MARKAGENTSKAP**

**Vroeë Môre Mark**

KAAPSTAD

*Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.*

Beste Heersende Pryse.

*MINNAAR & VAN SCHOOR.*

Eienaar: Gustav Rotlof.

Telefoon 2-0212.


ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

## VERSLAG OOR O.B. NOODHULP-FONDS, 30 APRIL 1942

| | |
|---|---|
| 1. Totaalbedrag ontvang tot op datum .. | £6,023 17 1 |
| Totaalbedrag uitbetaal tot op datum .. | £6,070 2 9 |
| Krediet-balans per Kasboek (d.w.s. oortrokke balans by Bank | £46 5 8 |

2. Uitbetalings sluit ook die administrasiekoste tot 'n bedrag van £98-10-8 in. Volgens ooreenkoms met die Grootraad moet laasgenoemde vanaf 1 Maart 1942 alle administrasiekoste bo £30 p.m. dra sodat daar 'n bedrag van £38-10-8 op hierdie liggaam te verhaal is.

3. Aan die Vrystaatse Beheerraad is terugbetaal 'n bedrag van £280-10-4. Dit verteenwoordig gelde wat alleen om administratiewe doeleindes tot op 31 Maart 1942 in die Noodhulpfonds gestort is. Die O.V.S. het tot op datum (30 April) tot die Fonds bygedra 'n bedrag van £233-14-4.

4. Kaapland het tot op datum tot die Sentrale Fonds bygedra die bedrag van £963-6-4. Dit verteenwoordig gelde in die Sentrale Fonds gestort deur die Kaaplandse Beheerraad, sowel as bedrae direk van Kaaplandse kommando's ontvang; en Natal £261-13-1. Natal stort alle invorderings direk in die Fonds.

5. Driehonderd-vier-en-twintig gevalle is gehelp. Eenhonderd-drie-en-vyftig het nou verval, sodat ons nog eenhonderd-een-en-sewentig gevalle op ons boeke het. Van eersgenoemdes is daar egter 'n vry groot aantal wat sedert hulle loslating òf uit hulle werk ontslaan is òf nog nie in hulle werk herstel is nie. Die Noodhulpfonds probeer in oorleg met ander bevriende liggame om hierdie manne geplaas te kry, maar dit gaan moeilik.

6. Alle uitbetalings geskied vanuit die Sentrale Kantoor te Johannesburg.

7. Vir warm etes en ander dienste aan die gevangenes te Johannesburg word gesorg deur die vyf Generaalskappe van die Witwatersrand.

8. Vir die gevangenes te Pretoria is voorlopig 'n bedrag uit die Fonds beskikbaar gestel ter aanvulling van wat reeds gedaan word deur die vroue-kommando's van Pretoria-Generaalskap.

9. Ons depôt vir die ontvangs en distribusie van plaasprodukte is nou gereed en alle besendings moet geadresseer word aan „Die Sekretaris, Noodhulpfonds, Kamer 403, Voortrekkergebou, Johannesburg". Die eenhede, om hierdie spesiale Kinderdiens van die Noodhulpfonds ruimskoots te steun.

10. Met waardering neem die Komitee kennis van die Grootraad se besluit dat alle Brandwagte die laaste Sondag van elke maand as offer-dag sal vier as blyk van hulle meegevoel met diegene wat in gevangenisse en interneringskampe aangehou word.

11. Ten slotte wil ons weereens beklemtoon dat die O.B.-Noodhulpfonds geen liefdadigheidsinrigting is nie — hy aanvaar sy taak vrywillig en met verantwoordelikheidsbesef teenoor hulle wat offer en ly omdat hulle BOERE is! die selfstandigheidsgevoel van hulle wat hulp ontvang mag nooit ondermyn word nie.

Namens die Komitee,

GERRIE PUREN,

Sekr. O.B.Noodhulpfonds.

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

**Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.**

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 3259 | 19 | 8 |
| Lys Nos. 221 en 553 Vroue-Komm. Heidelberg | 23 | 18 | 2 |
| Lys 581 Vroue-Kommando Bellville .. .. .. | 2 | 14 | 6 |
| Manne- en Vroue-Kommando Citrusdal .. .. | 11 | 6 | 6 |
| Loxton Kommando 2e bydrae .. .. .. .. | 5 | 0 | 0 |
| Volbloed Afrikaner, Worcester .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| Veldkornetskap Van Wyksdorp .. .. .. .. | 2 | 1 | 3 |
| Mev. C. Snoek 2e bydrae .. .. .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| Jeugfront Graaffwater .. .. .. .. .. .. .. | 7 | 0 | 0 |
| Manne- en Vroue-Kommando Graaffwater .. | 7 | 9 | 0 |
| Beaufort-Wes-dorp Jeugfront dogters .. .. .. | | 10 | 0 |
| Steenberg Manne-Kommando .. .. .. .. .. | 1 | 10 | 0 |
| Lys 323, 2e bydrae Vroue-Kommando Paarl | 15 | 0 | 0 |
| Maandelikse bydrae Vroue-Komm. Porterville | 3 | 13 | 8 |
| Marchand Vroue-Kommando .. .. .. .. .. | 2 | 0 | 0 |
| Lys 44, Manne-Kommando Adelaide .. .. .. | 8 | 0 | 0 |
| Lys 416 Upington .. .. .. .. .. .. .. .. | 8 | 15 | 0 |
| Voorjuk Kommando Upington .. .. .. .. .. | 5 | 6 | 6 |
| Aanvullend op lys 581 Bellville Vroue-Komm. | | 11 | 0 |
| Mnr. S. A. de Beer Graaff-Reinet .. .. .. | 1 | 1 | 0 |
| Mnr. C. F. Erasmus Graaff-Reinet .. .. .. | | 4 | 0 |
| | £3,368 | 0 | 3 |


*Dis Nuut!*

# Die Leeu van Wes-Transvaal

*'n Roman met genl. De la Rey in die agtergrond*

*DEUR IGN. MOCKE.*

**PRYS 3/9 POSVRY**

Nie 'n droë lewensbeskrywing van die onsterflike Boere-generaal nie, maar 'n beeld-in-handeling van sy krygsmansdurf, soos gesien deur die oë van 'n jong verkenner wat onder hom geveg het: De la Rey in handeling: Nooitgedacht, Ystersspruit......en al die homeriese slae wat hierdie magtige krygsman teen die vyand gelewer het, rol voor u oë verby soos 'n panorama; u voel hoedat hy sy burgers besiel selfs in die donkerste oomblikke van die oorlog, tot nuwe daadkrag en nuwe uithouvermoë — u hoor sy woorde weerklink, stentories, vol Godsvertroue — „geloof en liefde vir ons volk, dié ding sal ons lei."

U sien hom sit op die tonele van sy grootste oorwinnings, 'n held, maar tog 'n man van menslikheid en medelye. U jaag saam met sy stormende ruitery om dodelike stellings van die vyand te verower — en deur die hele boek loop 'n spannende avontuurverhaal wat u enduit sal boei. Elke bladsy is gepak met handeling, intrige en geestigheid.

Hier, vir die eerste keer, hoor u die verhaal van die berugte vrybuiterskommando van „kommandant" van Zyl, wat soos aasvoëls op die spoor van die oorlog volg, roof en buit na hartelus, maar dit nooit waag om in die vuurlinie te kom nie: Die fratse van die koddige vrybuiter wat nog banger is vir De la Rey as vir die vyand, sal u laat skaterlag.

Ons keurder sê: „Die boek is spannender as IN DIE VUURLINIE." Dis 'n uitgawe van die A.P.-Sakbiblioteek, en word aan intekenare op hierdie skema gelewer teen 3/- elk.

TEKEN VANDAG IN EN U ONTVANG HIERDIE BOEK TESAME MET ALLE VERDERE MAANDELIKSE UITGAWES.

*BESTEL VAN:*

*DIE KAPPIE-BOEKHANDEL*

Spoorbondkasgebou - - De Villiersstraat, 15,

JOHANNESBURG.

# POLITIEK IN DEMOKRATELAND

IV.

## OORWINNING

(Eie Beriggewing.)

Die verkiesing in Lekkertwis het 'n plotselinge wending geneem. Sors Eerlikheid was in die omgang hoog geag; sy eerlike hart en goeie verstand was by almal bekend, en niemand het getwyfel dat hy die paal sou haal nie. Andries Eensgesind sou die stemme taamlik verdeel, en dan was Sors in. Jan Snuffelaar het egter 'n paar dae voor die verkiesingsdag teruggekeer van sy navorsingsreis na die land se argiewe. In 'n stamboek van ,,Ou Demokratiese Families'' het hy die van Ehrlich raakgeloop, maar kon die naam Eerlikheid nie vind nie. Daardie aand het dr. Heuningkwas 'n reuse-vergadering op die markplein toegespreek. Dit was die laaste skote in die stryd. Adv. Knoeier het dieselfde dag nog 'n telegram aan Haakneus Goudsak gestuur om hom te verwittig dat hy hom nie moet steur aan sekere dele van dr. Heuningkwas se toespraak daardie aand nie. Die volk vergeet gou en in die parlement sal hulle weer regmaak.

Nadat dr. Heuningkwas kleingeld gemaak het met die opposisiepartye se kandidate en die uitnemende program van beginsels van sy party behandel het, het hy hom uitgespreek oor die uitlandervraagstuk.

,,Vrinne'', het hy gesê, ,,as ons 'n suiwer volk van Demokrate wil bly, moet ons trots wees op ons afkoms. Ons moet ons naam hoog hou, en ons kan dit nie doen nie as sekere vreemdelinge die land binnesluip, hul name verdemokraties en selfs tot in ons ouderlingbanke insluip nie! (Uitroepe van ,,skande''.) En dit gebeur in ons land. Hierdie soort uitlanders kom soos die wolf in die skaapvel. Hulle is gevaarliker as die wolf self, want hulle is in jou midde. Waar kom al die omkopery in ons midde vandaan? Is dit nie hierdie klas van vreemdeling wat geen eerlike haar op sy kop het nie? En gaan probeer om sy voorgeslag op te spoor, jy kan nie! Sy naam loop dood, want hy het 'n geleende van! (Skande!) Ek daag enigiemand hier vanaand om die naam Eerlikheid in ons stamboeke te vind. Dit is nie daar nie! Jy sal net 'n vreemde van kry. (Uitroepe van ,,hy is 'n haakneus!'' en ,,weg met Eerlikheid!'') ,,Kan die seuns van Demokrateland toelaat dat hulle deur vreemdelinge in die parlement verteenwoordig word?'' (Nooit!)

Die opgewondenheid het geen perke geken nie toe die volgende mosie onder donderende toejuiging aangeneem is:

,,Hierdie vergadering, sprekende namens 100 persent van die kiesers van Lekkertwis, spreek sy diepste afkeur uit oor die laakbare optrede van vreemdelinge wat Demokratiese burgername aanneem en tot in ons ouderlingbanke insluip, en spreek derhalwe 'n mosie van wantroue uit in Sors Eerlikheid wie se naam nie in ons stamboeke gevind kan word nie. Die vergadering spreek sy onwrikbare vertroue uit in ons party en ons geliefde kandidaat, Piet Oorloper.''

Hierna is die Volkslied uit volle bors aangehef.

Die volgende dag het die koerant ,,Die Demokraat'' 'n inleidingsartikel gehad oor die skaamteloosheid van vreemdelinge wat die land binnegesluip en dan nog die verwaandheid het om hulle verkiesbaar te stel in opposisie tot die volk se enigste ware party. In die meningskolomme het 'n paar naamlose briewe verskyn waarin die grootste verontwaardiging uitgespreek word oor die skandaal waarna ,,ons geliefde leier'' verwys het. ,,Om te dink dat vreemdelinge agter ons dierbare kerkbanke gaan wegkruip, dit is laag'', het dit gelui.

Voordat Sors Eerlikheid uit die doopregister kon bewys dat hy geen haakneus is nie en dat sy Oupa aan al die Kafferoorloë deelgeneem het, terwyl hyself gerebelleer het, was die verkiesing afgeloop en was hy sy setel kwyt. Piet Oorloper van Verste Hoek was die nuwe parlementslid van Lekkertwis.


GEVRA

50000 Afrikaners wat graag hul eie tabak wil rook en wat hul handelaar om „Patriot" sal vra.

VOORBRAND TABAK-MAATSKAPPY (Edms.) Bpk.
Kommissarisstraat 200,
JOHANNESBURG.

PORTERVILLE ROLLER MEULE

Eienaar: J. A. du Toit.

Vars en Suiwer Koringmeel
Altyd op Hande.

Gemaal van die Beste Koring
in die Westelike Provinsie.

Pryse: 200 pond vir 32/6
100 „ „ 16/9
50 „ „ 8/6

Eerlike Behandeling Gewaarborg.

PORTERVILLE.

*Die Trop Afrikaners ....*
VENTERS
Algemene Handelaars
Teekamer en Garage
van CAPITOL PARK
(Foon 2-6614)
Is My Handelsplek

105 Takke 40,000 Lede
AVBOB
Reserwefonds £90,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTENE

*AFRIKANER-KLEREMAKER!*
Foon 5-1486
● Vir u volgende Pak ● Billike Pryse
● Werk Gewaarborg ● Beste Materiaal
N. C. KOCH
Soutrivierweg 52 — Soutrivier


VOLKSKAS
IS U EIE
BANK!

EENDRAGSAAMHEID

*Fondse oorskry £1,800,000.*

Hoofkantoor:
Volkskas-gebou, Sentraalstraat,
PRETORIA

Volkskas (Koöperatief) Bpk.
(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)



GLORIE!

Vir ware voldoening en tevredenheid het 'n mens nodig gesondheid en welvaart, sukses in sy strewe, 'n aangename tydverdryf of ontspanning, en 'n geruste gemoed —gerustheid dat daar nie net vir die hede gesorg is nie maar ook vir die TOEKOMS.

'n Geruste toekoms word gewaarborg deur 'N SANLAM-POLIS.

SANLAM
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.
TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE
HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 28. KAAPSTAD

# Met Beginsels Kan Hulle Boere Word

Dit was soos 'n verkoelende windjie in die dorre oorlogshitte dat ons die stem van protes van eerw. R. Barr, Moderator van die Presbiteriaanse Kerk van Suid-Afrika, teen die voorgestelde Sabbatsontheiliging in die Kaapse Skiereiland verneem het.

Onder die oorlogsdrywers het daar in die jongste tyd 'n gees vaardig geword om te breek met alles wat oor moeitevolle jare opgebou is. Sowel by ons Regering as by sy skakeringryke gevolg is hierdie noodkompleks waar te neem. Alles wat normaal lyk, moet omgeskep word in 'n oorlogstemming deur middel van noodmaatreëls. Daar is 'n algemene opheffing en verskuiwing van grense, politiek sowel as sedelik. Die politieke regte en burgerlike vryhede van die Afrikanerdom is vervang deur noodverpligtings; die rasseskeiding tussen blank en gekleurd is omgetower tot gelykstelling en in baie gevalle selfs tot omwisseling sodat die swarte verhef is tot die posisie van die blanke en omgekeerd; op die gebied van regspleging is die grense van geregtigheid uitgevaag en vervang deur 'n beleid van partydigheid, soos blyk uit die onverhoorde tronkstraf van Afrikaners en die kwytskelding van straf aan uitlandse matrose en soldate; die grense tussen man en vrou is uitgedoof soos bewys word deur die grootskaalse gebruik van vroue op die oorlogsvelde; die grense van die ondergrondse duisternis is vooruitgeskuif na die lig van 'n goedkeurende openbare mening, soos blyk uit die hemeltergende onsedelikheid in die Kaapse strate wat na jare al so erg woed dat die grensverskuiwers nou eindelik self seer oë daarvan begin kry.

Hierdie verrottende euwel moet egter nie uitgeroei word nie — soiets sou spot met die idee van liberalistiese demokrasie. Nee, dit moet gedeeltelik in sy grensloosheid gestuit word deur die opheffing van 'n ander grens! En hierdie nuwe grens is die van Sabbatsheiliging. Ten einde uitlandse soldate teen hulself en ander euwels in die Skiereiland te beskerm, moet die bioskope vir hulle Sondagaande oopgehou word. Dat soiets bots met ons volk se godsdienstige beginsels en die land se sedelike tradisie, maak geen saak nie, die nood vereis dit.

**Die Verskil.**

As daar een punt van verskil in die karakters van die Brit en Boer is wat soos 'n gapende afgrond in die weg van volkome eenwording staan, dan is dit hierdie lewenshouding van die Engelsman om beginsels ondergeskik te maak aan belange-oorwegings.

Dit was nog altyd een van die uitstaande karaktertrekke van die Boer om sy beginsels, en veral sy godsdienstige beginsels voor alles te stel. Dit was hierdie beginselvasheid wat hom nog steeds in sy stryd teen ondergang onderskraag het, en wat voorkom het dat hy tot iets anders as Boer verword. Want, waarlik, as die Boerevolk as geheel die voorbeeld van enkele van sy lede gevolg en stoflike belange bo beginselsake gestel het, was ons lank al 'n verbasterde en verengelsde bevolking.

Dit was beginsels wat Slagtersnek veroorsaak het; dit was beginsels wat die Groot Trek 'n besieling gemaak het; dit was beginsels wat die stigting van die Boere-republieke moontlik gemaak het; dit was beginsels wat ons bloedsuiwerheid bewaar het; dit was beginsels wat ons volk keer op keer die dood bo verlies van vryheid laat kies het; dit was beginsels wat die grondslag vir ons taalstryd gevorm het; in kort dit was beginsels wat ons volk sy siel behoue laat bly het.

**As ons na die verlede kyk, sal dit ons ook dadelik tref dat dit veral dié Engelse was wat ook op 'n beginselgrondslag gestaan het, wat deur ons volk opgeneem is as volle lede van die Boerevolk en later waardige volksgenote geword het.**

Uitgaande van die beleid van die Ossewabrandwag dat eenheid in hierdie land alleen moontlik is deur oplossing van assimileerbare vreemdelinge in die Boerevolk, d.w.s. die beleid dat alle inwoners as uitlanders beskou sal word tot tyd en wyl hulle hul tot so 'n mate met die Boeredom vereenselwig dat hulle bereid is om sy taal, godsdiens en kultuur as hul eiendom te aanvaar, is dit 'n ligpunt op die pad om te merk dat daar darem nog Engelse in Suid-Afrika is wat bereid is om beginsels voorop te stel.

**„Ons Lewenswyse"**

„Ons glo met ons hele hart en siel dat die beginsel (van bioskoopvertoning op Sondag) teen die Woord van God is, nl. dat die Sabbat geheilig moet word. Nooit was 'n heilige Sabbat nodiger vir die menslike liggaam, gees en siel as in hierdie dae van tragiese stryd en bittere spanning nie," het eerw. Barr verklaar.

Betekenisvol is ook sy uitlating 'n endjie verder waar hy sê: „Wanneer mense na ons land kom, dan verwag ons dat hulle ons lewenswyse respekteer."

Hierdie Suid-Afrikaanse Engelssprekende het as gevolg van beginselvasheid daartoe oorgegaan om Suid-Afrika al as sy land te aanvaar met 'n lewenswyse verskillend selfs van sy bloedgenote oor see. Hy staan al nader aan die Boer as aan sy eie taalgenoot aan die anderkant van die Oseaan. **Laat hom nog net besef dat die anderse lewenswyse in hierdie land toegeskryf moet word aan die anderse Beorevolk wat hier woon as die enigste volk wie se aard en karakter die vaderland sy stempel gee, en hy is gereed om as Boer sy plek in ons volk op te neem.**

Waar die beginsels van die Boerevolk gebaseer is op die „so sê die Here", en hierdie Engelse leier ook onomwonde sy standpunt grond op die Woord van God as die enigste rigsnoer vir die lewe, sal hierdie beginselvasheid ook nog verder 'n skeppende voorwaarde wees vir die oplossing van die alsogesinde vreemdelinge in ons volk, **want sodra hulle hul onbevooroordeeld stel op die maatstaf van die Goddelike geregtigheid, sal hulle insien dat ons eis om alleenerkenning as volk in Suid-Afrika nie gegrond is op sogenaamde rassehaat nie, maar op die geregtigheidsbeginsel dat elke volk as skepping van God die volste seggenskap in sy vaderland moet hê om sy roeping te kan vervul. In die lig van so 'n standpunt kan daar dus geen sprake wees van 'n halvering van regte nie — wat opgesluit lê in die waarborg van gelyke politieke en kulturele regte aan die twee bevolkingsdele.**

# BOODSKAPPE VAN TWEE VROUE-HOOFDE

Die volgende twee oproepe in verband met die viering van Fondsdag op 8 Augustus is afkomstig van die Vroue-hoofde van Transvaal en Vrystaat:

**„Oproep aan Offisiere en Brandwagte van die Transvaalse Vroue-kommando's**

„Op 8 Augustus a.s. vier ons **Fondsdag.** Die vrou het nog altyd met ywer en toewyding volksake gesteun en bevorder; sy het nog altyd gehelp om die voortou te neem; sy het nog altyd haar al op die volksaltaar gelê; sy sal op 8 Augustus weer toon dat op haar gereken kan word. Ons organisasie is groot en vernaam, daarom te meer, het ons fondse nodig. Help hiermee soos alleen O.B.-lede kan help, en wees verseker dat ons volk sal seëvier.

„Moeder en dogter in Transvaal, u as kind van die stoere Voortrekker-moeder sal wen, soos u al dikwels gewen het vir God, Volk en Vaderland,"

K. MALAN,
Generale, Tvl.

**Die Vrystaat**

**„Dis net 'n Volk wat gewillig is om offers te bring, wat die reg het om vry te wees!**

„Beetgepak deur 'n magtige drang na vryheid is die Afrikanervolk besig om hom te ontworstel uit die slawebande van 'n vreemde moondheid. Die laaste skof lê nog voor. Die Ossewabrandwag veg op die voorpunt vir 'n vrye, Christelike, Nasionale Republiek.

„Graag doen ek hiermee 'n dringende beroep op die Ossewabrandwag-vroue van die Oranje-Vrystaat om op 8 Augustus tot die uiterste kraginspanning en opoffering oor te gaan om 'n groot feesdag te organiseer en 'n reusebedrag vir die Afrikanerstryd in te samel.

„Die vrou speel 'n groot rol in die Volkslewe. Ook in hierdie onderneming sal sy weer die deurslag gee, want haar taak is om te dien.

„Laat die gees van die simboliese Ossewatrek van 1938 ons besiel om ons beste te lewer in diens van God, Ons Volk en Ons Land, Suid-Afrika."

C. MEYER,
Generale, O.V.S.

## ONTHOU DIE LAASTE SONDAG VAN DIE MAAND

O.B.-lede se aandag word gevestig op die aankondiging van die Kommandant-generaal 'n paar weke gelede insake die besluit dat op die laaste Sondag van elke maand spesiaal aan die gevangenes en geïnterneerdes gedink moet word wat terwille van hul nasionale gevoel die lyding ondergaan. Op daardie dag, so het die Kommandant-generaal bekend gemaak, moet elke gesin een of ander gereg wat hy gewoonlik op tafel het, ontbeer en die waarde in geld daarvan by die Noodhulpfonds inbetaal. **Dit is nie soseer die geld wat verlang word nie, maar die gedagte dat daar op daardie dag dwarsdeur die land met verdrukte mede-Afrikaners gesimpatiseer word. Dit bring 'n gees van saamhorigheid te weeg wat noodsaaklik is vir die stryd.**


K·W·V



U Moet Hierdie BOTTELS Terugstuur

Weens die tekort aan bottels is dit nou vir u nodig om u leë K·W·V-reukwaterbottel na u handelaar terug te stuur voordat u verdere voorrade kan verkry.

Deur hierdie handelwyse te volg, sal u altoos daartoe in staat wees om K·W·V-reukwater te ontvang en u sal daartoe bydra om 'n belangrike Suid-Afrikaanse nywerheid aan te help.

K·W·V

(Koöperatiewe Wynbouersvereniging van Suid-Afrika, Beperk)
Die Paarl, K.P.

*Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerder:*
H. J. NIEHAUS,
Posbus 2108, Kaapstad

# Hul Wortel Verander Volgens Gees Van Die Tyd!

## Koerant Stel Partypolitieke Huigelary Jeens O.B. Self Aan Kaak

Onder die opskrif „In die Gees van die Tyd'' het Die Volksblad van 29 Oktober 1940 — in die dae toe die Party en die O.B. nog saamgewerk het — die volgende oor die Nasionaal-sosialisme geskryf **in 'n artikel oor die Party se program van aksie:**

„Die kapitalistiese eeu is verbygegaan. Die son van die geldmag hier en oorsee is aan die ondergaan. Wie rekening hou met die nuwe wêreldgees wat gebore word uit die tans heersende chaos, en hom wil aansluit by die nuwe wêreldorde wat uit die asse van die ou orde opstaan — ongeag watter groep moondhede die oorlog wen — **moet nasionaal-sosialisties te werk gaan. Dit is die dubbele wortel waarop die party sal groei. Hy soek die oplossing van die landsvraagstukke langs hierdie weg. Ook die kleurvraagstuk word volgens hierdie beginsel aangepak.''**

Toe was daar nog eenheid tussen die O.B. en die Party, en daarom was dit heeltemal reg dat die party soek om sy vraagstukke langs die weg van die Nasionaal-sosialisme op te los.

Voor die jaar om was, egter, het die O.B. in ongenade verval. Beweer is dat hy „'n verkeerde weg opgaan''; **hy sou op die dubbele wortel van die Nasionaal-sosialisme ontwikkel!**

Daarom skryf Die Volksblad op 24 Oktober 1941 — presies 'n jaar later — as volg oor die Nasionaal-sosialisme na aanleiding van genl. Hertzog se verklaring dat ons volk Nasionaal-sosialisties van aard is:

„Waar hy egter beweer dat die Nasionaal-sosialisme die hoeksteen van die Grondwet van die ou Vrystaatse Republiek was, speel die Generaal met terme, en ons vrees dit kan die volk mislei. Die ou Vrystaatse Republiek was wel nasionaal in sy wese en die volk was gematigd sosialisties in sy lewensbeskouing, **maar om te sê dat hy Nasionaal-sosialisties was, kan verwarring skep.** Ons sou liewer sê dat die ou Vrystaatse volk 'n sosialistiese nasionalisme voorgestaan het . . . . **Ons volk moet dus nie 'n sosialistiese nasionalisme verwar met die Nasionaal-sosialisme nie. Waar die Afrikanervolk in sy hele wese eersgenoemde lewensbeskouing toegedaan is, sal hy hom seer seker teen laasgenoemde verset.''**

**Na 'n jaar, dus, beweer die blad dat die volk hom sal verset teen die „dubbele wortel'' wat hy 'n jaar gelede nie alleen bepleit het nie, maar raakgesien het in sy party se program van aksie!**

**Maar dit was toe ook gedoen in die gees van die tyd — die gees van vyandskap teen die Ossewabrandwag!**

## UNIALE BEVEL

### Aan Offisiere van al vier Provinsies

1. Offisiere moet name en adresse van Brandwagte onder hulle wat op „Die O.B.'' wil inteken, werf en by die Kommandant inhandig.
2. Alle name en adresse moet deur die Kommandant of 'n verantwoordelike offisier namens hom dadelik soos in punt 5 aangewys, gestuur word met die naam van die Kommando wat vir die intekengelde verantwoordelik gehou word. Vir sodanige persone word die intekengeld bereken teen 4/- per jaar. Word hierdie prosedure nie gevolg nie, word vir die persoon direk by die Provinsiale Hoofkwartier 'n rekening geopen en moet hy 7/6 per jaar betaal.
3. Intekenlyste van Manne- en Vrouekommando's moet afsonderlik gehou word, omdat elke eenheid vir hul intekengelde verantwoordelik gehou sal word.
4. **Offisiere van al vier Provinsies moet onmiddellik uitvoering gee aan bostaande reëlings. 'n Intensiewe werwingsveldtog vir nuwe intekenare moet op tou gesit word òf deur die gewone kanale, òf deur middel van spesiale werwers in elke afdeling deur die bevelvoerende offisier daartoe benoem.**
5. Alle name en adresse ingevorder deur kommando's soos hierbo uiteengesit, moet **direk** aan Voorslag (Edms.) Bpk., Groote Kerkgebou 916, Kaapstad, gestuur word. 'n Afskrif van sodanige adreslyste moet gerig word aan die Provinsiale Hoofkwartier van die betrokke kommando. Alleen in die geval van die Kaaplandse kommando's is dit nie nodig nie om sodanige afskrif te stuur. Op ontvangs van adreslyste word direk aan die betrokke persone 'n blaadjie per pos gestuur. Dit onthef offisiere van die verpligting om persoonlik te sorg vir die verspreiding van „Die O.B.''

TE KOOP
*Opreg en Suiwergeteelde*
WANGANELLA-SKAAP RAMME
FRIESLAND BULLETJIES
en
GLADDEHAAR BOERBOK-RAMME
*Pryse Billik!!*
Tevredenheid Gewaarborg.
Besonderhede van:
T. B. JORDAAN
P.S. Buffelsfontein, SOMERSET-OOS.

VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN
DAMES-ROKKE
besoek
Steyns
PAROW SE
NUWE MODERNE SAAK.

DE KOCK se GARAGES
Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.
*Eienaar: D. D. DE KOCK*
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors
*TOT U DIENS!*
V.M.K. AANBEVEEL.

Foon 62 Posbus 53
HEILBRON
OM te weet dit is die plek waar u kan koop na u smaak en sover u beurs dit toelaat
BETEKEN oneindig veel vir u, waar u met vriendelikheid bedien word in u eie taal.
DIE MODERNEWINKEL

La Belle Alliance
Privaat Hotel.
DIE AFRIKANER SE TUISTE
*alle moderne geriewe*
Billike Terme
Eienares: Mev. P. J. RETIEF,
Foon 2-3833
*Ons Ontmoet alle Treine.*
Kloofstraat, Kaapstad.

VOORSLAG-PYNPOEIERS
DIE VEILIGE VERBANNER VAN
ALLE PYNE
HOOFPYN, SINKINGSPYN, RUMATIEK, VROULIKE PYN, TANDPYN EN VERKOUES EN INFLUENSA.
Die Voortrekker Apteek
Kerklaan, KAAPSTAD. Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN
AS U HANDELAAR U NIE DAARVAN KAN VOORSIEN NIE VRA HOM OM DIT VIR U TE BESTEL.

S. J. KRYNAUW
Algemene Handelaar en Produkte Koper.
Spesialis in Dames Tabberds en Manspakke
Mans en Dames Skoene
Kruideniersware teen die billikste pryse
Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer
H/v. NUWE- en GARCIASTRAAT,
Foon 63 — Posbus 54
BEAUFORT-WES

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

# WEES GEWAARSKU!

## NUWE OFFENSIEF DREIG.

Luidens sekere uitlatings van mnr. J. G. Strydom, leier van die Herenigde Party in Transvaal, op sy onlangse toer deur Noord-Transvaal en sekere gerugte, wil dit voorkom of die Partyleiding nou die geweldadde wat gelyktydig met die hongerstaking van gevangenes aan die Rand plaasgevind het, en wat volgens genl. J. A. Smith se telegram aan die Minister van Justisie blykbaar in verband staan met die wanpraktyk van die Regering om Afrikaners sonder verhoor op te sluit, wil uitbuit om die Ossewabrandwag by die volk in onguns te laat verval.

ALLES DUI DAAROP DAT DIE PARTYLEIDING BINNEKORT MET 'N OFFENSIEF TEEN DIE OSSEWABRANDWAG GAAN KOM WAARIN HIERDIE VOORVALLE AS 'N „VERKEERDE LEIDING" VAN DIE OSSEWABRANDWAG VOORGEHOU SAL WORD. DIT MOET DAN DIEN OM DIE OSSEWABRANDWAG SE LOT TE VERSEËL. BEËDIGDE VERKLARINGS VAN MENSE WAT IN NOOD VERKEER, SAL GLO DEEL UITMAAK VAN DIE OFFENSIEF.

IN PLAAS VAN DAT DIE PARTYLEIDING LIEWER DIE REGERING AANVAL OOR SY MISDADIGE OPTREDE TEENOOR GEVANGE AFRIKANERS EN SODOENDE DIE OORSAAK VAN DIE GEWELDDADE UIT DIE WEG PROBEER RUIM, SAL SO 'N OPTREDE JUIS DIE REGERING SE HANDE STERK OM NOG MEER AFRIKANERS IN DIE TRONKE TE SMYT.

Die volk word gewaarsku om op hul hoede te wees teen hierdie soort politiekery, en nie toe te laat dat nog meer Afrikaners in die tronke gestop word nie op aanmoediging van mense wat verklaar dat hulle self baie hard stry vir die verkryging van 'n republiek.

Dit lyk baie snaaks dat die aartsvyand van die Afrikanerdom vryspring maar dat sy slagoffers die voorwerp van 'n aanval van sekere Afrikaanse politici moet word.

Die Cape Argus het reeds die H.N.P. uitgenooi om saam op te tree met die Regering.

## OU REPUBLIEK WAS VAN PARTYSTELSEL GEVRYWAAR

Onderstaande aanhaling is geneem uit die boek van dr. G. D. Scholtz, „Die Konstitusie en Staatsinstellings van die Oranje Vrystaat", bladsy 41. Dit bely onomwonde die euwels van die partystelsel, 'n euwel wat nie in die Republiek bestaan het nie.

„Remmende of storende faktore in die binnelandse politiek was daar egter nie. Groot vraagstukke, wat die volk in verskillende kampe of partye kon verdeel het, was afwesig. Die gevolg was dat die republiek gedurende sy bestaan gevrywaar was van die nadelige invloed, wat, na dit skyn, die demokrasie nou eenmaal met hom saambring, nl. DIE PARTYSTELSEL. Oor die binnelandse politieke vraagstukke het nog meer eenstemmigheid geheers as oor die buitelandse vraagstukke. Die volksraadslede het oor meeste dinge hul kiesers geraadpleeg en in die Volksraad gestem volgens die opdrag wat hulle ontvang het. WAAR 'N LID DIT NIE GEDOEN HET NIE, HET HY VOLGENS SY EIE INSIG GESTEM SONDER DAT 'N POLITIEKE LEIER OF 'N KOUKUSVERGADERING HOM BEVEEL HET OM TE STEM. Van al die pragtige trekke wat die Vrystaatse Republiek geopenbaar het, WAS HIERDIE AFWESIGHEID VAN POLITIEKE PARTYE SEKER DIE MOOISTE."


**SASBANK**

Verrig Volksdiens!

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

*Terme uiters billik.*

*Raadpleeg* SASBANK

PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

AFRIKAANSE DANSPARTYE
Gereeld elke Vrydagaand
in
ADDERLEYSTRAAT 22
(Regoor Garlicks)
Musiek deur
**PEET KRUGER**
(Vroeër van HENDRIK SUSAN)
EN SY ORKES.
**Toegang: dubbel 5/-, enkel 3/-.**
Kaartjies verkrygbaar by PIENAAR se HAARSNY SALON. — Foon 3-1047.
Aanddrag verkieslik maar nie noodwendig.

G. A. FICHARDT, BPK.
MASJINERIE, YSTERWARE
EN PRODUKTE HANDELAARS
Foon 700 BLOEMFONTEIN Opgerig 1848

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

**VAN ZYLS**
Hoofstraat - - PAARL
MANSUITRUSTERS EN KLEREMAKERS
Voorsieners in Sportbenodigdhede
SKRYF AAN ONS VIR 'N KATALOGUS
Tak ook op - PORTERVILLE


## *Geklassifiseerde Advertensies*

### IN MEMORIAM

VAN SCHOOR. — Met innige leedwese betreur ons die dag, 2 Junie 1941, toe my geliefde eggenote en moeder van my kinders, geroep was om te verhuis na 'n beter plek in Gods Woning. Die leemte gelaat in ons hart sal nooit gevul kan word nie.

Die verlangende eggenoot en kinders,
Cassie, Ardeen Evan en Casper.

### VERLOWING

COETZEE — LOUBSER: Die verlowing van Theresia, tweede dogter van mnr. en Mev. J. T. B. Coetzee en Andries, oudste seun van mnr. en mev. D. J. Loubser, albei van Brooklyn, word hiermee bekend gemaak. Mej. Coetzee is van die O.B. Hoofkwartier, Kaapstad.


### TE KOOP

EEN Allis Chambers Band Trekker met 3-skaar Moline Trekker Ploeg; albei in goeie werkende orde. Pryse billik. Skrywe aan Kemp, Bus 16, KIRKWOOD.

### APPELS

APPELS: Rome Beauty, Pearmain, Ohenimuri, 10/6 per kissie. K.M.B. of K.B.A. Leë inhouer terug. Kookappels 6/6 per kissie. V.O.S. B. J. STANDER, Privaat Possak, Westwood, Dist. George.

### HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE
Posbus 660, JOHANNESBURG.

Of u 'n groot of klein boord aanplant, HERHOLDT'S se deskundige advies is gratis tot u beskikking. Bestel nou vir die Winter-planttyd. Vrugtesorterings aan ons keuse toevertrou, verseker die hoogste tevredenheid.

Beste vroeg tot laat soorte Perskes, Pruime, Appelkose, Nektariene, Tamatiepruime, Appels, Pere, Moerbei, ens.

Hierdie nuwe lofwaardige perskes behoort in elke tuin te wees: JUBILEUM, MAGNIFIKA (Rooivleis-taaipit), SUIKERBOSSIE, HERHOLDT'S X.B., VOORTREKKER en talle ander.

Keurige versameling van Palms, Sierbome, Geïllustreerde Katalogus en Plantgids gratis.

### KRAALMIS

EGTE BOSSIEVELD DROË FYN KAROO-KRAALMIS

| | |
|---|---|
| 1 ton en meer | 29/- |
| 20 ton en meer | 28/- |
| 40 ton en meer | 27/- |
| In kliënte se sakke | 18/- |
| Potas mengsel (mis en as) | 40/- |
| Potas (mis as) | 40/- |

Bostaande pryse algar per ton van twaalf goeie sakke, gelewer Unie stasies aan bona fide boere deur my. Die mis is droog hammermeulgemaald, spesiaal voorberei vir Kunsmistoestelle. Ek lewer alleen die beste, afkomstig van egte Karoo-bossieveld. Geen onkruid. Monsters op aanvraag. Onmiddellike aflewering. Bank Referensie: Volkskas, Port Elizabeth.

B. J. ROODE
Posbus 15, Klipplaat.

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*

**Pro Ecclesia-Drukkery,**
Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.
*Die Laan, Stellenbosch.*


Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.